

DIAGNOSTIEK AS WETENSKAPSFIKSIE: 'N PROBLEMATISERING VAN PASTORALE DIAGNOSE

*Dr E Scholtz
Navorsingsgenoot
Universiteit van Pretoria*

ABSTRACT

DIAGNOSTICS AS SCIENCE FICTION: A PROBLEMATISING OF PASTORAL DIAGNOSIS

The practice of pastoral diagnosis is subjected to critical reflection from a post structuralist perspective. Instead of generalised statements about pastoral diagnosis, the works of two South African pastoral theologians, Jan de Jongh van Arkel and Daniel Louw, are discussed. After a description of the structuralist/post-structuralist discourse and the implications thereof for diagnosis, the works of the two before mentioned theologians are scrutinised from a post-structuralist viewpoint.

1 INLEIDING

Ek het aanvanklik in my pastorale optrede voorbedagtelik en doelgerig diagnosties te werk gegaan. My diagnose moes my lei na die dieperliggende aspek van die probleem waarmee my gespreks-genote aangemeld het. Nie die simptome nie, maar die dieperliggende probleem moes pastoraal hanteer word. My gespreks-genote se verwagting het oënskynlik met my verstaan van die pastorale proses ooreengekom. Hulle het my meermale voor die eksplisiete of implisiete vraag gestel: "Wat is ons eintlike probleem?" Sommige het my selfs voorgespring en eiehandig vir hul probleem 'n professionele etiket omgehang!

Hoe meer ek na mense se verhale geluister het, hoe moeiliker het dit vir my geword om te differensieer tussen oppervlak- en dieper-

liggende werklikheid, tussen simptome en die wesenlike probleem. Die moeilikhede wat my gespreksgenote beskryf het, het baie keer eerder 'n sirkeldans nageboots. In dié sirkeldans was daar nie fundamentele probleme in teenstelling met oppervlakkige probleme nie, maar probleme wat 'n langer geskiedenis het, groter gelyk het of meer ongemak veroorsaak het as ander.

In die Suid-Afrikaanse konteks het daar in die laat tagtiger- en negentigerjare, onder leiding van Dirk Kotzé en Julian Müller, 'n nuwe pastorale benadering begin vorm aanneem. Hierdie nuwe aanpak word as poststrukuralisties getipeer (Scholtz 2004:40; vgl Müller 2000:71). Vergeleke met 'n strukuralistiese benadering, word hier nie na gespreksgenote se (oppervlakkige) verhale geluister as 'n bron van inligting wat die pastor in staat stel om tot die dieper werklikheid agter dié verhale deur te dring nie. Dié pastorale werkwyse vermy 'n professionele diagnose en maak dit oorbodig!

Postmoderne denke, veral die sosiaal-konstruksionistiese epistemologie en narratiewe teorie, is 'n belangrike teelaarde vir bogenoemde nuwe pastorale benadering (vgl Demasure & Müller 2006:410-419). Ingevolge hierdie perspektiewe is die verhale wat ons saamflans om aan ervaring betekenis te gee, nie dwingende, onvermybare konstruksies nie. Feite en gebeure word uit die ervaringstroom geselekteer en in 'n bepaalde konfigurasie aan mekaar verbind om 'n verhaal te vorm. Met behulp van die beskikbare rou data kan ander verhale eweseer gekonstrueer word. Wetenskaplikes is nie hiervan uitgesluit nie, maar is ook in 'n soortgelyke verhalende proses betrokke. Wetenskaplike beskrywings bied dus nie 'n onherroeplik-finale beeld van die werklikheid nie. Die wetenskaplike weergawe van die werklikheid is een moontlike konstruksie naas ander en verdien nie uitsonderlike gesag of aansien nie. Gergen (1994:241-242) stel dit onomwonde: "Scientific writing, then, furnishes a picture of reality that is no more *accurate* [hy kursiveer] than fiction." Die implikasie hiervan vir diagnostiek is duidelik. Die diagnostiese indekse en stelsels waarmee professionele hulpverleners werk, is wetenskapsfiksie! Dit is verhale wat deur 'n wetenskaplike gemeenskap gefabriseer is waarmee dié betrokke groep sin maak van die onderliggende ervaring.¹

¹ Ek gebruik soms die konsep "meesterverhaal" hiervoor. In die konteks van hierdie artikel is sulke verhale gewoonlik omvattende, psigologiese raamwerke oor die problematiek van menswees en geniet dit groot aansien in die wetenskaplike gemeenskap by wie dit

My oogmerk met hierdie artikel is om 'n kritiese beskouing van pastorale diagnose te gee. Dit word onderneem in die lig van verskuiwings op terapeutiese en pastorale gebied in die rigting van die poststrukturalisme. Hierin oorweeg ek twee NG-teoloë se werk oor diagnose. Dié besluit is in die belang van kontekstualiteit, naamlik die Suid-Afrikaanse konteks, geneem, sowel as met die beperkte opgaaf van 'n artikel in gedagte.

2 DIE PASTOR AS DIAGNOSTIKUS

De pastor als diagnosticus is die titel van Paul W Pruyser (1978) se werk oor pastorale diagnostiek. In dié boek toon Pruyser (1978:27-30) dat diagnose, histories gesien, nie 'n vreemde tema binne die teologie is nie. Verskeie faktore het egter daartoe bygedra dat diagnose in onguns geraak het en dat daar in die pastorale teologie oor eeue heen nie 'n geordende, diagnostiese wetenskap ontwikkel het nie (Pruyser 1978:34). Hieronder tel:

- 'n wetties-voorskriftelike benadering tot die probleme wat mense ondervind
- die Rooms-Katolieke biepriktyk se beperkte blik op die gewete van hulpsoekers
- 'n gebrek aan sistematies-diagnostiese denke
- die oorheersing van die pastoraat deur psigiatriese kategorieë en taal
- die Rogeriaans-humanistiese afkeer van diagnose

Pruyser (1978:27) is sterk ten gunste van 'n pastorale diagnose, waarsonder terapie *een slag in de lucht* is. Gedagtig daaraan dat hy 'n kliniese sielkundige is (wat by predikante-opleiding betrokke is), volg hy 'n verrassende invalshoek ten opsigte van dié saak. Hy pleit naamlik vir 'n outentieke pastorale diagnostiek wat tot die teologie as basiswetenskap herleibaar is (Pruyser 1978:53). Vanuit dié vertrekpunt formuleer genoemde skrywer sewe teologiese koördinate vir 'n diagnostiese gesprek (Pruyser 1978:55-73). Die pastor hanteer dié koördinate nie as 'n evalueringinstrument om op 'n outoritêre

ontstaan het, en dikwels ook daarbuite (vgl Burr & Butt 2000:186-188).

wyse 'n bevinding te maak nie (Pruyser 1978:76-77). Die ideale uitkoms is dat die pastorant aan die hand van die gesprek begelei word om hom-/haarself in 'n teologiese perspektief te beoordeel. Pruyser (1978:75) ontwerp dus nie 'n religieuse tipologie of klassifikasiesistelsel waarmee menslike gedrag geïnventariseer word nie, maar kies 'n metode wat 'n geïndividualiseerde, hoogs persoonlike waarheid laat kristalliseer.

Heitink (1998:239) meld dat Pruyser (1978) se boek baie daartoe bygedra het om die aanvanklike huiwering wat daar in die pastoraat rondom die woord “diagnostiek” was, weg te neem. Die twee pastorale teoloë na wie eersgenoemde skrywer as voorbeelde verwys, by wie hy 'n nuwe openheid ten opsigte van diagnose bemerk, is twee Suid-Afrikaanse teoloë: Jan de Jongh van Arkel en Daniël Louw. Hulle verstaan van dié saak word nou van nader bekyk.

2.1 Jan T de Jongh van Arkel

De Jongh van Arkel promoveer in 1987 met 'n proefskrif oor *A paradigm for pastoral diagnosing*. Hy beskou diagnose as 'n onmisbare deel van die pastorale proses. “Diagnosing is necessary for the making of meaningful connections” (De Jongh van Arkel 1987:19). Diagnose gaan die besluit oor 'n geskikte terapie logieserwys vooraf. “Through conscious evaluation and planned assessment, hypotheses must be formulated to ensure use of an acceptable method” (De Jongh van Arkel 1987:1). Diagnose is nie alleen noodsaaklik nie, maar ook onvermybaar! (De Jongh van Arkel 1987:15). Alle pastors, ook diegene wat nie doelbewus daarop ingestel is nie, doen mee aan diagnostiese handeling. Wanneer 'n pastor poog om konseptueel orde te skep in 'n gegewe situasie, is hy/sy inderwaarheid besig om te diagnoseer. Die vraag is dus nie óf nie, maar hóé gediagnoseer moet word?

De Jongh van Arkel (1987:16) wys diagnostiese klassifikasiesistelsels wat op 'n mediese model geskoei is, af. “Diagnosing in pastoral counseling ... does not set out to identify the ‘pathological or defective part’. It does not intend to identify a specific illness for which a specific cure or therapy can be applied” (De Jongh van Arkel 1987:16). Sy standpunt oor klassifikasiesistelsels wat op só 'n *static and reductionist-mechanical medical model* gegrond is, hang nou saam met sy mensbeskouing (De Jongh van Arkel 1987:14). Mense is werkwoorde (*verbs*) (De Jongh van Arkel 1987:18). Hulle is evoluerende sosiale organismes en verander dus voortdurend. By

hierdie dinamiese mensbeskouing pas 'n diagnostiese raamwerk waarbinne die prosesmatige van die menslike bestaan verreken word.

Genoemde skrywer beoog om meer as net 'n model of metode vir diagnose te ontwerp. Die fundamentele probleem rakende diagnose is nie ontologies (wat iets is) nie, maar epistemologies (hoe verstaan ons) van aard (De Jongh van Arkel 1987:197). Die dringendste taak is dus om 'n paradigma vir diagnose te ontwikkel. 'n Paradigma is 'n konseptuele raamwerk wat 'n *unified understanding of reality as a whole* bemoontlik en 'n ervaringsordenende funksie het (De Jongh van Arkel 1987:183). Die teologie verskaf nie 'n epistemologie of 'n verstaansraamwerk vir diagnose nie. Daarom word die ander wetenskappe hiervoor genader en kom De Jongh van Arkel (1987:196) by die sisteemteorie tereg: "In developing a paradigm for pastoral diagnosing, I rely heavily on the developments in Systems Theory, Holism and Cybernetics." Dié sistemiese perspektief word aangevul met 'n konstruktivistiese perspektief en loop uit op 'n *cybernetic constructivist paradigm of knowing* (De Jongh van Arkel 1987:206).

Dié paradigma, gefokus op die terrein van die pastoraat, beklemtoon die verweefdheid van menslike gedrag binne 'n netwerk van verhoudings. "The behaviour of a person is understood in terms of his or her function within the larger system" (De Jongh van Arkel 1987:211-212). In die terapeutiese konteks is die pastor deel van hierdie groter sisteem (De Jongh van Arkel 1987:200). Dit het verreikende implikasies vir diagnose. Die pastor beklee nie 'n posisie buite die sisteem van waar hy/sy objektief-onbetrokke waarnemings maak nie, maar hy/sy is volledig ingeskakel by die sisteem. Dit bring mee dat die sistemiese prosesse die pastor se waarneming beïnvloed. Terselfdertyd kan die sisteem net aan die hand van die pastor se invoere tot die sisteem bestudeer word. Dit wil sê, diagnose speel teen die agtergrond van verandering aan die sisteem af. Die pastor ondersoek dus nie 'n afgeslote eenheid nie, maar 'n dinamiese grootheid wat kategorieë uitsprake daarvoor ontmoedig.

De Jongh van Arkel se afwysing van 'n objektiewe diagnose wat van 'n klassifikasiesistelsel gebruik maak, hou nie net met sy aanvaarding van die sisteemteorie verband nie, maar ook met die epistemologie wat hy onderskryf. Hy skaar hom by die konstruktivisme (De Jongh van Arkel 1987:206). Die konstruktivisme, soos deur Von Glasserfeld, Von Foerster, Maturana, Keeney en andere uiteengesit, beklemtoon die rol wat die persoonlike perspektief van die waarnemer in die generering van kennis speel.

Die individuele waarnemer vorm sy/haar kennis van die werklikheid op grond van sekere fundamentele aannames en oortuigings aangaande die werklikheid. Die gekende werklikheid is hiervolgens nie 'n objektiewe werklikheid nie, maar 'n subjektiewe konstruk. Elke poging om 'n diagnose te maak, is gevolglik *merely a way of arranging data* (De Jongh van Arkel 1987:198). Die ordening van die data geskied ooreenkomstig die pastor se vooropgesette opvatting en die seleksie van data wat in dié verloop benut word, hang van die pastor se gesigspunt af. Daarom kan 'n pastorale diagnose nie aanspraak maak op die waarheid nie. 'n Konstruktivistiese perspektief lei egter nie tot 'n totale ontkenning van die waarheid nie. De Jong van Arkel (1987:208) stel dit só: "... in pastoral diagnosing we only have access to *a* (not *the*) [hy kursiveer] reality or truth."

Beide die konstruktivistiese en sistemiese perspektief maak duidelik dat diagnose nie 'n afgegrensde gebeurte is nie. "Through all of this a dynamic element is introduced which puts *diagnosing* [hy kursiveer] far beyond a static *diagnosis* [hy kursiveer] because it is seen as a neverending process of computation" (De Jongh van Arkel 1987:208). Vandaar dan ook sy woordkeuse ten gunste van *diagnosing* in plaas van *diagnosis* in die titel van sy proefskrif.

De Jongh van Arkel opper dieselfde argument ten opsigte van die ontwikkeling van 'n model vir diagnose. Hy sien hiervan af, want "This attempt involves using a noun for a verb" (De Jongh van Arkel 1987:260). In plaas van 'n model, wil hy eerder volstaan met die formulering van 'n posisie (*stance*) wat die pastor tydens die gesprek inneem. Hy verduidelik hierdie *stance* met behulp van 'n aantal riglyne vir die proses van diagnose (De Jongh van Arkel 1987:261-266).

- Die pastor fokus nie uitsluitlik op individue nie, maar op die sisteem waarvan die individu deel is. Die doel van pastorale sorg bepaal die fokus. Die doel is tweede-orde sistemiese verandering. Terwyl eerste-ordeverandering binne 'n sisteem plaasvind sonder om die sisteem self te verander, behels tweede-ordeverandering die wysiging van die sisteem.
- 'n Sistemiese beskrywing van die probleem word verkry. Simptome is verhoudingsmetafore (De Jongh van Arkel 1987:210). Daarom kry die persoon wat met 'n probleem aanmeld nie geïsoleerde aandag nie, maar word die verhoudingsnetwerk onder die loep geneem.

Die gedrag van die individu word in terme van die verhoudings en interaksiepatrone tussen al die lede van die sisteem verstaan (De Jongh van Arkel 1987:218). Sirkulêre vroe en meervoudige beskrywings is bruikbare gesprekshulpmiddele om 'n sistemiese beeld van die probleem te kry. In aansluiting by Auerswald, word die pastor wat dié benadering volg 'n *non blaming ecological detective* genoem (De Jongh van Arkel 1987:262).

- Die pastor gee nie spesifieke aandag aan die geskiedenis van die probleem nie, maar konsentreer op die huidige interaksiepatrone van die sisteem wat probleme ondervind.
- 'n Ekologie van perspektiewe en idees word ontwikkel. Onderskeie sisteemvlakke word geassesseer en die verhoudings tussen hulle geëvalueer (bv die gedrag en eienskappe van individue, die sosiale verhoudings tussen tweetalle, die groepstruktuur wat die verhoudings tussen tweetalle organiseer). 'n Ekosistemiese evaluasie bring ook die pastorante se geloofsisteem in berekening.
- 'n Sistemiese diagnose (hipotese) word nie eensydiglik deur die pastor voortgebring nie, maar is 'n gemeenskaplike verstaan wat tydens die pastorale proses ontwikkel. Met die oog hierop gee die pastor gereeld terugvoer aan die raadplegende sisteem. Sodoende word die pastor se verstaan van die situasie deel van die verdere verloop van die gesprek.
- Pastorale sorg se ware fokus is die semantiek (die betekenis van wat aan die gebeur is), eerder as die politiek (die beskrywing van die organisasie of interaksiepatrone van 'n sisteem). De Jongh van Arkel (1987:266) sien geloof as die *pattern which connects*. Betekenis word vanuit 'n geloofsperspektief aan die sistemiese organisasie en interaksie gegee.

2.2 Daniël J Louw

Louw (1997:355-356) stem met Pruyser en De Jongh Van Arkel saam dat 'n pastorale diagnose 'n belangrike deel van die pastorale

gesprek uitmaak. Dié instemming geskied met sekere voorbehoude. Die tyd het naamlik aangebreek dat die kerk na sy eie terapeutiese bronne terugkeer en dit beter benut in die pastorale gesprek. In dié geval kan 'n pastorale diagnose nie volstaan met 'n suiwer eksistensiële analise of 'n psigoanalise nie. Voorts mag 'n pastorale diagnose nie as 'n klassifikasieprosedure hanteer word waardeur menslike gedrag vooraf gekategoriseer en getipologiseer word nie. Hierteenoor is 'n pastorale diagnose veeleer 'n verstaansproses. Dit wil "... bloot probeer om relevante gegewens met mekaar te verbind ten einde die persoon te help om hom-/haarself beter te verstaan" (Louw 1997:330). Die gegewens wat in berekening gebring word in dié verstaansproses, het betrekking op 'n persoon se totale bestaan en sluit die affektiewe, konatiewe, kognitiewe, normatiewe, etiese en kulturele dimensie van menswees in (vgl Louw 1997:356-357). Met inagneming van bogenoemde oorwegings, omskryf Louw (1997:-357) pastorale diagnose as volg: "Samevattend kan gesê word dat diagnose 'n verstaansproses is om deur middel van relevante data en gesistematiseerde, geïntegreerde kennis, die geloofstaal van die lidmaat te verhelder en duidelikheid te verkry oor die verband tussen geloofsinhoude en die daaglikse eksistensiële ervaringe."

Die pastor speel 'n sleutelrol in die maak van 'n pastorale diagnose. Hy/sy tree as 'n soort "deskundige" op (Louw 1997:329). Louw (1997:331) wil die indruk vermy dat die pastor 'n "ekspert" is wat presies weet. In die pastorale gesprek gaan dit vir hom om 'n dialogies-hermeneutiese proses van kontak en ontmoeting (vgl Louw 1997:305). Dit is nogtans duidelik dat hy die pastor as die hoofvertolker in die ontmoetingsgebeure tussen pastor en pastorant sien: "Dit is die taak van die pastor om mense se storie te vertolk in terme van God se Storie en omgekeerd" (Louw 1997:304).²

Die pastor vervul hierdie vertolkingsrol omdat hy/sy met deeglike kennis aangaande menswees toegerus is (behoort te wees). Dit sluit in "... parate kennis rakende belangrike sake soos byvoorbeeld 'n Bybelse antropologie, die huwelik, die gesin, die fenomeen

² Dreyer (1999:961) skryf oor die dominante rol van die pastor as vertolker in Louw se pastorale model die volgende: "Louw se pastorale model lê soveel klem op die pastor dat die pastorant dikwels op die agtergrond verlore raak.... Die pastor het 'n luisterfunksie en die mens luister mee. Hier is nie sprake van kommunikasie wat op 'n subjek-subjek as geskied nie. Meeluistering beteken instemmende luister na wat die pastor sê..."

skuld, bejaardheid, dwelmverslawing, adolossensie, verskillende siektetoestande en depressie... ” (Louw 1997:330). Hierdie kennis word nie net gebruik om gedrag te verklaar nie, maar om die pasto- rant te help om sy/haar geloofsbron effektief op die probleemarea toe te pas. Hier, op die toepassing van die geloofsbron, lê die swaartepunt van Louw (1997:304-305) se pastorale gespreksmodel en terapie. Met die oog hierop kry ’n pastorale diagnose ’n eie karakter en word dit “... ’n proses waarbinne die gebeure rakende ’n persoon se lewe verstaan word vanuit ’n besondere perspektief: die geloofsperspektief” (Louw 1997:355). Hiervoor ontwikkel Louw (1997:374-408) ’n pastorale hermeneutiek wat neerslag vind in ’n diagnosekaart vir geloofsevaluering. Dié diagnosekaart bevorder ’n meer substansiële (inhoudelike) analise van ’n persoon se geloofsverhouding met God, binne die konteks van eksistensiële vrae oor die sin van die lewe. In dié geloofsevaluering word op drie areas gefokus:

- ’n *Geloofsanalise* waarin gekyk word na ’n persoon se geloofsvolwassenheid. In die peiling hiervan word vyf aspekte, soos die lydingsfaktor (hoe ’n persoon op pyn- ervarings reageer) en die skuldfaktor (die mate waarin skuld aanwesig is en hoe dit verwerk word) oorweeg.
- ’n *Religieuse analise* waarin die aard van ’n persoon se toewyding aan God ondersoek word. Toewyding aan God word uitgedruk in style van aanbidding, soos kerkgang, Bybelstudie, gebede en deelname aan litur- giese en gemeentelike aktiwiteite. ’n Analise hiervan help die pastor om ’n pasto- rant te plaas ten opsigte van ses moontlike godsdienstige style, waarvan die dokso- logiese as die enigste gepaste styl beskou word.
- ’n *Teologiese analise* waarin persone se verstaan van God ontleed word. Dié teologiese analise kry heelwat aandag en dit word ontwikkel vanuit die tese dat Gods- voorstellings ’n beslissende invloed op geloofsgedrag het. Louw (1997:388) verduidelik dat dit hierin nie om die vraag gaan of ’n pasto- rant ’n goeie of slegte, regte of verkeerde Godsvoorstelling het nie. Dié analise sluit egter nie die moontlikheid uit dat ’n bepaalde Godsvoorstelling gemeet word aan “die waarheids- gehalte van verskeie Bybelse metafore” nie (Louw

1997:388). Die primêre vraag is na die invloed van 'n bepaalde Godsvoorstelling op geloofsgedrag, of dit tot adekwate of inadekwate gedrag lei. Inadekwate geloofsgedrag is onegtheid, wettisisme en werklikheidsvreemdheid (Louw 1997:388). Vir 'n ontleding van mense se Godsvoorstellings, word vier modelle, wat in 'n teologiese analise oorweeg kan word, aan die leser voorgelê. Dié vier word naas mekaar bespreek sonder om voorkeur aan 'n bepaalde model te gee. Die rasionaal daaragter is dat "... daar nie *een* [hy kursiveer] werklike model bestaan wat die komplekse ervaring van die teenwoordigheid en verstaan van God in mense se lewe kan evalueer nie" (Louw 1997:390).

3 STRUKTURALISME/POSTSTRUKTURALISME

Fee (2000:2) verwys na die rol wat die *linguistic or 'interpretive turn'* in die sosiale wetenskap gespeel het. Dit het die grondliggende inhoud wat die teorie en praktyk op die terrein van geestesgesondheid informeer, aanvegbaar gemaak. Die strukturalistiese en poststrukturalistiese diskoers het in hierdie prominentwording van taal (taalwending) 'n belangrike aandeel gehad.

Wetenskapsbeoefening in 'n modernistiese raamwerk maak daarop aanspraak dat die kennende individu 'n ware en objektiewe beskrywing van die werklikheid kan gee (Gergen 1994:30). Agter dié oortuiging skuil 'n groot vertroue in taal. Die wetenskaplike se beskrywing van die werklikheid geskied immers deur middel van taal. Die modernistiese wetenskap se waarheidsaansprake en gesag berus ten diepste op die aanname dat taal geskik is om as 'n spieël of houer (*container*) vir objektiewe waarheid diens te doen (Gergen 1994:32).

Dié idee dat die wêreld deur tekens betroubaar verteenwoordig word in die denke, word in die postmodernisme sterk betwis (Vanhoozer 1998:43). Die literêre teorie van die strukturalisme en poststrukturalisme het in dié opsig 'n noemenswaardige bydrae gelewer.³ Kenmerkend van die strukturalisme is die onderskeid wat

³ Die strukturalisme en poststrukturalisme word veral vereenselwig met Franse denkers, eersgenoemde met onder andere Althusser, Barthes en Lévi-Strauss, en laasgenoemde met Derrida,
164 Scholtz

getref word tussen buite (die vorm, die waarneembare, die voorhande) en binne (die struktuur, die krag, die proses) (Gergen 1994:37). Die buitekant ontvang sy vorm van die struktuur aan die binnekant en eersgenoemde moet derhalwe vanuit die diepte-struktuur verstaan word. As daar op dié wyse na gesproke of geskrewe taal gekyk word, word die diskoers as 'n eksterne werklikheid van klanke of taalttekens onderskei van die interne en taaleie struktuur wat sy spesifieke konfigurasie bepaal.

Die strukturalisme se siening van taal kom daarop neer dat beskrywings van binne die taal bepaal word. Beskrywings is struktuur- eerder as objekgedrewe (Gergen 1994:38). "In this sense, most structuralist theory subverts the view of language as object driven... For the structuralist, primary attention is directed toward the way linguistic representations are influenced by structures and forces *other* [hy kursiveer] than the represented world" (Gergen 1994:38).

Die strukturalisme openbaar egter 'n belangrike swakheid: Die strukturaliste het nie die konsekwensie van hul eie teorie vir die konsep "objektiewe waarheid" goed ingesien nie (Gergen 1994:38). Die meeste strukturaliste het trouens voorgegee dat hulle objektief-juiste kennis van strukture het. Dié positivistiese trek in hul werk is in stryd met die strukturaliste se eie teorie. Mededelings oor strukture is immers ook beskrywings. Indien mededelings oor strukture ook beskrywings is, volg dié kritiese vraag: "If discourse is not driven by objects in the world but by underlying structures, and if the accounts of these structures are also framed in language, then in what sense do such accounts map the reality of the structures?" (Gergen 1994:38-39).

Dié insig dat die beskrywing van struktuur by implikasie deur struktuur bepaal word en dus nie 'n objektiewe werklikheid reflekteer nie, het die geloofwaardigheid van die strukturalistiese tweedeling van 'n binne- en buitekant, van struktuur en vorm onder verdenking geplaas. Dit het die weg help open vir die poststrukturalisme (Gergen 1994:38-39).

Foucault, Lyotard, Deleuze en Lacan. Die oorgang van die strukturalisme na die poststrukturalisme is egter kompleks, sodat Derrida ook soms as verteenwoordiger van die laat-strukturalisme gesien word (vgl Beukes 2002:997-1001).

Jacques Derrida se opvatting is eksemplaries van die literêre teorie van die poststrukturalisme (Gergen 1994:39). Derrida lei 'n fel aanslag op die teken as 'n surrogaat vir 'n objektiewe werklikheid (Vanhoozer 1998:48). In sy poging om die logosentriese alliansie tussen objektiewe werklikheid, denke en taal te verbreek, dekonstrueer Derrida die beeld van taal as 'n betroubare, vaste en neutrale representant van die wêreld buite taal (Vanhoozer 1998:48). Derrida se kritiese taksering van die teken berus grootliks op 'n herbronning en radikaliserings van die werk van die Switserse linguïst, Ferdinand de Saussure (Moore 1994:13; Vanhoozer 1998:61). De Saussure se bespreking van die teken bied veral twee insigte wat vir Derrida van waarde is (Moore 1994:14-17; Vanhoozer 1998:61).

Die skakel tussen 'n teken en 'n betekende is arbitrêr van aard. Daar is byvoorbeeld geen kousale verband tussen die konsep "boom" (betekende) en die klanke of tekens wat gebruik word om die boom voor te stel nie. Dieselfde konsep sou goedskiks met 'n ander teken- of klankreeks vervang kon word, soos dit inderdaad in ander tale gebeur.

- 'n Teken kry 'n sin van betekenis op grond daarvan dat dit van ander tekens verskil. Stephen Moore (1994:16) verduidelik: "The sound *tree* [hy kursiveer], for example, is intelligible to an English speaker not because of what it *is* [hy kursiveer]... Instead the sound is intelligible precisely because of what it *is not* [hy kursiveer], which is to say *three, thee, the, tea* [hy kursiveer], and every other sound in the English language." Betekenis is dus die produk van die verskil tussen tekens. Betekenis is nie veranker in die verhouding tussen die teken en 'n objek wat buite taal bestaan nie, maar resulteer uit die verhouding tussen tekens onderling (Vanhoozer 1998:61).

Vir Derrida is elke teken deel van 'n oneindige reeks tekens (Painter & Theron 2001:46). Ons kom op die spoor van 'n woord se betekenis deur middel van ander woorde wat weer op hul beurt deur nóg woorde toegelig word, ensovoorts. Betekenis stabiliseer gevolglik nooit nie omdat dit voortdurend sydelings verwys word (Beardslee 1999:256). Betekenis is altyd onbeslis. Elke woord is inderwaarheid leeg. Sy betekenis word voortdurend uitgestel of verskuif na 'n volgende woord.

In pursuing the meaning of a word, one thus encounters a steadily increasing expanse of words. To determine what a given utterance means is to be thrust back on an enormous array of language uses or texts. An utterance does not furnish us, then, with faint simulacra of the ideas in people's heads; rather, it invites us into an 'infinite play of signifiers'. (Gergen 1994:39)

In hierdie onbesliste proses van betekening (*signification*) is die wêreld buite taal nie relevant vir die betekenis wat aan tekste gegee word nie (Gergen 1994:40). "... we are left with text only" (Gergen 1994:261).

Die literêre teorie van die strukturalisme en die poststrukturalisme ondermyn die band tussen taal en werklikheid deur aan te toon dat beskrywings nie deur die objek wat beskryf word, bepaal word nie, maar deur literêre prosesse (Gergen 1994:36). Beskrywings word voorgesê deur die reëls vir literêre uiteensetting (Gergen 1994:37). Die objek wat beskryf word, slaag gevolglik nie daarin om homself in die taal af te druk nie. Die omgekeerde gebeur eerder: die literêre vereistes waaraan die proses van beskrywing onderworpe is, het tot gevolg dat die objek wat beskryf word deur die teks geabsorbeer word en sy selfstandigheid verloor.

4 WAT IS NOU EINTLIK DIE PROBLEEM? 'N POSTSTRUKTURALISTIESE PERSPEKTIEF

Diegene wat vir terapie opdaag, het altyd 'n storie om te vertel. Die terapeut word gekonfronteer met 'n gespreksgenoot wat hom-/haarself verhalend in taal uitdruk en die terapeut moet daarop reageer. Gergen en McNamee (Riikonen & Smith 1997:vii) meen daar is tans twee basiese maniere waarop terapeute met hul gespreksgenote se verhale omgaan, naamlik strukturalisties of poststrukturalisties.⁴ Die taalwêreld van hul gespreksgenote is vir struk-

⁴ Ander begrippe waarmee dié twee hoofstrome getipeer word, is "modern" en "postmodern". Dit kom voor asof daar in die literatuur oor terapie nie werklik gedifferensieer word tussen strukturalistiese/poststrukturalistiese terapie enersyds en moderne/postmoderne terapie andersyds nie (Pocock 1995:154). Die ongeërgde gebruik van dié *Diagnostiek as wetenskapsfiksie*

turalistiese terapeute van sekondêre belang. "... language served as an expression or manifestation of an otherwise hidden structure that was elsewhere than language itself" (Riikonen & Smith 1997:vii). Die terapeut se ware fokuspunt is die *hidden structure* waartoe taal toegang gee. Sy/haar gespreksgenoot se taalwêreld is die terapeut se sleutel tot ('n wetenskaplike meesterverhaal oor) sy psigodinamika, onderbewussyn, versteekte herinneringe of kognitiewe struktuur.

In die poststrukuralisme is taal nie net 'n manifestasie van iets anders, 'n heenwysing na 'n dieper werklikheid nie. Taal konstitueer die werklikheid wat ons ken, sien en beleef. In poststrukuralistiese terapie is die kliënt se taalwêreld die mees tersaaklike werklikheid.

In the poststructuralist frame, language essentially constitutes the psyche, the family, the pathology and the remaining family of therapeutic objects. The person is only such by virtue of the ways in which he/she participates in or is situated by language: families are what they are by virtue of their forms of communication; pathology is constituted in and through language.

(Riikonen & Smith 1997:vii)

Die poststrukuralistiese kritiek teen bogenoemde strukturalistiese benadering sentreer enersyds in 'n dekonstruksie van die wetenskaplike meesterverhale waarin die gespreksgenoot se vertelde verhaal na bewering gewortel is en andersyds in 'n toewyding aan die gespreksgenoot se verhaal. Die dekonstruksie word onderneem in die lig van die glibberige verhouding tussen taal, denke en werklikheid. In John Shotter (1993:181-182) se oorhoofse bespreking van sielkundige meesterverhale, maak hy drie stellings oor die verhouding tussen taal en werklikheid wat vir hom van deurslaggewende belang is in sy kritiese beoordeling van sodanige meesterverhale:

- Taal struktureer en vervorm die gebeure en die verskynsels wat dit beskryf.

begrippe kom nie net voor in die literatuur oor terapie nie. Nuyen (1991:65) merk op dat selfs postmoderne skrywers soos Lyotard en Rorty "... speak indifferently of post-structuralism and postmodernism."

- Ons beskik nie oor 'n meta-taal, 'n taal wat bo ons alledaagse taalgebruik uitstyg nie. Ons het nie toegang tot 'n spesialistaal waarmee ons kan loskom van die gewone gebruikstaal met sy metafore en ander stylfigure nie.
- Daar is nie 'n een-tot-een passing tussen sogenaamde buite-linguistiese entiteite en spesifieke taaltekens nie.

In dié lig gesien, is die sielkundige meestersverhale oor menswees nie verwysend van aard nie. Dit gee nie raak beskrywings van 'n innerlike of psigiese werklikheid nie. Daarom is sielkundiges nie bewoners van Olimpus wat van bo, van 'n verwyderde en verhewe posisie, onaanvegbare uitsprake oor mense of die gemeenskap maak nie (Shotter 1993:34).

Die toewyding aan die gespreksgenoot se verhaal kom na vore in 'n erns maak met die verhaal soos deur die gespreksgenoot vertel. Hiervolgens is die gespreksgenoot se verhaal nie net 'n bron van inligting wat na 'n dieper werklikheid, die probleem lei nie. Die probleem waarmee gewerk word, is die probleemverhaal soos deur die gespreksgenoot vertel. Die vertelde verhaal kry voorkeur, want die werklikheid wat ons ken en beleef word deur taal gekonstrueer (vgl Gergen 1994:244). Dit geld ook van probleemwerklikhede. Probleme word in taal geskep en georganiseer. Probleme is nie inherent aan 'n ruimtelike of sosiaal gedefinieerde eenheid soos 'n individu of 'n gesin nie (Anderson 1997:73). Die persoon of die gesin is nie die probleem nie, maar probleme bestaan in taal. "The 'problems' dealt with in therapy can be thought of as emanating from social narratives and self-definitions that do not yield an agency that is effective for the tasks implicit in their self-narratives," skryf Anderson en Goolishian (1992:31).

Müller (1996:101) verduidelik byvoorbeeld gesinspatologie in terme van 'n doodgeloopte storie. Wanneer die storie van die verlede en die storie van die toekoms nie wil saamvloei tot 'n eenheid wat sin maak nie, is daar patologie. Verandering vind plaas deur die twee verhale, die verledeverhaal en die toekomsverhaal, wat nie wil saamvloei nie, weer en weer te herstruktureer totdat dit in een verhaal ontwikkel. Sy of haar gespreksgenoot se verhaal bied dus nie net allerlei wonderlike insigte sodat die terapeut al sy of haar diagnostiese en terapeutiese verhale en tegnieke kan gebruik om die

gesin te verander nie. Die gespreksgenote se verhaal word verander sodat die gesin weer hul eie bestaan as betekenisvol kan beleef.

5 REFLEKSIE OOR DE JONGH VAN ARKEL EN LOUW SE BESKOUIING VAN DIAGNOSE

Dié refleksie oor De Jongh van Arkel en Louw se beskouing van pastorale diagnose geskied na aanleiding van drie vrae.

Eerstens, verwys die probleme wat mense ondervind na meester-verhale wat sulke probleme ten grondslag lê? Beide Louw en De Jongh van Arkel se diagnostiek is strukturalisties. Daarmee word bedoel dat hulle na hul gespreksgenote se verhale luister met die oog daarop om tot die dieper werklikheid agter die verhale deur te dring. In die een geval is hierdie dieper werklikheid verhale oor geloofs-volwassenheid, toewyding aan God en Godsvoorstellings. In die ander geval is dit 'n verhaal oor sistemiese prosesse. Hierdie dieper werklikheid wat as 'n meesterverhaal vertel word, manifesteer in die wollerige verhale wat mense oor die probleme wat hulle ondervind, meedeel.

Vanuit 'n poststrukturalistiese hoek gesien, is daar nie meesterverhale wat gereedlê om ontdek te word nie. Die gangbare meesterverhale oor die werklikheid is 'n gekonstrueerde perspektief. Die poststrukturalistiese destabilisering van die verhouding tussen taal, denke en werklikheid ondermyn die uitsonderlike gesag en waarde wat aan sulke meesterverhale geheg word. Taal is nie 'n transpirante medium wat onbelemmerde toegang tot die (dieper) werklikheid gee nie. Louw en De Jongh van Arkel se diagnostiek is 'n bruikbare illustrasie van die twyfelagtige en aanvegbare aard van ons beskrywings. In die een geval setel probleme nie in individue nie, maar in die groter sisteme, die netwerk van verhoudings waarvan die individu deel is. In die ander geval (Louw) is probleme intrapersoonlike werklikhede.

Tweedens, het 'n probleem regtig 'n naam nodig? Beide Louw en De Jongh van Arkel wys op die belangrikheid van 'n pastorale diagnose. Laasgenoemde beklemtoon nie net die belangrikheid nie, maar ook die onvermybaarheid van diagnose. Indien 'n pastor poog om konseptueel orde te skep in die verhaal wat sy/haar gespreks-genoot vertel, is hy/sy reeds besig om te diagnoseer, aldus De Jongh van Arkel. As só 'n beskrywing van diagnose aanvaar word, moet hy gelyk gegee word. Louw en De Jongh van Arkel doen egter meer as

bloot “konseptueel orde skep”. Beide vervang die gespreksgenoot se verhaal met ’n reeds-gefabrieseerde wetenskaplike verhaal oor Gods-konsepte en sisteme. Hierdie wetenskaplike verhale verteenwoordig oënskynlik die dieptestruktuur van die gespreksgenote se verhale.

Hierteenoor wil die poststrukuralistiese terapeut Harlene Anderson nie ’n probleem benoem nie. Sy skryf: “I have a bias toward thinking and talking about any problem from a perspective of multiple realities rather than conceptualizing a problem as a discrete reality” (Anderson 1997:75). Die gespreksgenoot se perspektief rakende die probleem moet tydens terapie geleentheid kry om te ontvou (Anderson 1997:153). Sodanige perspektief is gewoonlik meervoudig en wisselend, en daarom is dit nie moontlik om dit op ’n enkele noemer te bring nie. In plaas van die strukturalisme se horisontale verdeling tussen oppervlak en diepte, handhaaf die poststrukuralisme ’n vertikale verdeling in mense se verhale en ervaring, sonder om aan ’n bepaalde deel groter waarde te heg as aan ’n ander (vgl Burr & Butt 2000:197). Sodoende word erkenning gegee aan die fragmentariese, vlugtige en pluralistiese aard van die menslike bestaan.

Derdens, is daar ’n duidelik onderskeibare werklikheid wat as die probleem bekend staan? Beide Louw en De Jongh van Arkel erken dat die pastor nie presies weet nie. Eersgenoemde sê die pastor is nie ’n ekspert wat alles weet nie en laasgenoemde gee te kenne dat die pastor nie in staat is om die waarheid raak te vat nie, maar (hoogstens) ’n waarheid kan verwoord. Dit word gesê met betrekking tot die diagnose wat ontwikkel word.

Poststrukuralistiese terapeute wys op die gekonstrueerde aard van alle kennis (vgl Burr & Butt 2000:198). Taal is nie deskriptief nie, maar kreatief. Die werklikheid waarin ons leef, word deur middel van taal gekonstrueer. Daarom word die waarheidsvraag deur poststrukuralistiese terapeute op ’n ander wyse aan die orde gestel. Die primêre vraag is nie “Wat is waarheid?” nie, maar “Met wie se waarheid moet daar gewerk word?”, die waarheid van die terapeut/pastor of die waarheid van die gespreksgenoot. In poststrukuralistiese terapieë kry die “waarheid” van die gespreksgenoot voorrang, want die verhaal soos deur die gespreksgenoot vertel, is die werklikheid waarbinne hy/sy leef. Hierdie verhaal word nie met die terapeut se (waar/onwaar) diagnostiese verhaal vervang nie, maar word vanuit die gespreksgenoot se beleefde werklikheid (wat ruimer

is as die probleemverhaal) gedekonstrueer en geherstruureer om vir laasgenoemde toegang tot 'n nuwe werklikheid te gee.

6 SLOT

In hierdie artikel is 'n kritiese blik vanuit 'n poststrukuralistiese perspektief op die praktyk van pastorale diagnose gewerp deur die werk van twee Suid-Afrikaanse pastorale teoloë aan die orde te stel wat elk 'n eie diagnostiek ontwikkel. Dit sou strydig met 'n poststrukuralistiese standpuntname wees om alleen-geldigheid vir laasgenoemde perspektief op te eis. Wat hoogstens bereik kan word, is om aan te toon dat daar ook ander bewandelbare weë is wat op geldigheid aanspraak maak.

BIBLIOGRAFIE

- Anderson, H. 1997. *Conversation, language, and possibilities: a postmodern approach to therapy*. New York: Basic Books.
- Anderson, H & Goolishian, H A. 1992. The client is the expert: a not-knowing approach to therapy, in *Therapy as social construction*. McNamee S & Gergen K J (eds). London: Sage:25-39.
- Beardslee, W A. 1999. Poststructuralist criticism, in *To each its own meaning: an introduction to biblical criticisms and their application*. McKenzie, S L & Haynes, S R (eds). Louisville: Westminster John Knox:253-267.
- Beukes, J. 2002. Vanaf laat-strukturalisme tot post-strukturalisme: 'n kontekstualisering van Jean-François Lyotard se "Discours, Figure". *Hervormde Teologiese Studies* 58(3):994-1010.
- Burr, V & Butt T. 2000. Psychological distress and postmodern thought, in *Pathology and the postmodern: mental illness as discourse and experience*. Fee, D (ed). London: Sage:186-206.
- De Jongh van Arkel, J T. 1987. A paradigm for pastoral diagnosing. DTh Dissertation. Pretoria, University of South Africa.
- Demasure, K & Müller, J. 2006. Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 47(3&4):410-419.

- Dreyer, Y. 1999. Refleksie op twee pastorale modelle, deel 1. Die pastor as vertolker – die ontmoetingsmodel. *Hervormde Teologiese Studies* 55(4):943-963.
- Fee, D. 2000. The broken dialogue: mental illness as discourse and experience, in *Pathology and the postmodern: mental illness as discourse and experience*. Fee, D (ed) London: Sage:1-17.
- Gergen, K J. 1994. *Realities and relationships: soundings in social construction*. Cambridge: Harvard University Press.
- Heitink, G. 1998. *Pastorale zorg: teologie – differentiatie – praktyk*. Kampen: Kok.
- Louw, D J. 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. 2de uitgawe. Kaapstad: Lux Verbi.
- Moore, S D. 1994. *Poststructuralism and the New Testament. Derrida and Foucault at the foot of the cross*. Minneapolis: Fortress.
- Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te kom: pastorale gesinsterapie*. Pretoria: RGN.
- Müller, J. 2000. *Reis-geselskap: die kuns van verhalende gesprekvoering*. Wellington: Lux Verbi BM.
- Nuyen, A T. 1991. Postmodern philosophy and postmodern theology. *International Journal for Philosophy* 30(2):65-76.
- Painter, D & Theron, W. 2001. The linguistic turn and social psychology. *Acta Academica* 33(3):36-66.
- Pocock, D. 1995. Searching for a better story: harnessing modern and postmodern positions in family therapy. *Journal of Family Therapy* 17(2):149-173.
- Pruyser, P W. 1978. *De pastor als diagnosticus*. Haarlem: De Toorts.
- Riikonen, E & Smith, G M. 1997. *Re-imagining therapy: living conversations and relational knowing*. London: Sage.
- Scholtz, E. 2004. Sosiale konstruksionisme as 'n pastoraal-terapeutiese benadering. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Shotter, J. 1993. *Conversational realities: constructing life through language*. London: Sage.
- Vanhoozer, K J. 1998. *Is there a meaning in this text? The Bible, the reader, and the morality of literary knowledge*. Grand Rapids: Zondervan.